

**UITGAWONE**  
**OFFISIËLE KOERANT**  
VAN SUIDWES-AFRIKA  
**OFFICIAL GAZETTE**  
**EXTRAORDINARY**  
OF SOUTH WEST AFRICA



UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c      Woensdag 18 Januarie 1978      WINDHOEK      Wednesday 18 January 1978      No. 3690

INHOUD	<i>Bladsy</i>	CONTENTS	<i>Page</i>
<b>ONTWERPORDONNANSIE:</b>		<b>DRAFT ORDINANCE:</b>	
Wysigingsontwerpordonnansie op Padverkeer, 1978	112	Road Traffic Amendment Draft Ordinance, 1978	113

**ONTWERPORDONNANSIE**

**DRAFT ORDINANCE**

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,  
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Administrasie van Suidwes-Afrika,  
Windhoek.

The following Draft Ordinance is published for general information.

H. P. F. GOUS,  
*Secretary for South West Africa.*

Administration of South West Africa,  
Windhoek.

## ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

\_\_\_\_\_ Woorde met 'n volstreep daaronder dui aan in-voegings voorgestel.

[ ] Woorde tussen vierkantige hake dui aan skrappings voorgestel.

## ONTWERPORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op Padverkeer 1967, ten einde die woordomsrywing van "eenaar" te wysig; die aanstelling van verkeersbeamptes, inspekteurs van lisensies, ondersoekers van voertuie en toetsbeamptes vir bestuurderslisensies te herreël; voorsiening te maak dat motorvoertuie wat in besit is van 'n motorvoertuighandelaar vir die doel van herstel of die bou van bakke daarop onder 'n motorvoertuighandelaarslisensie gedek kan word; die omstandighede waaronder 'n motorvoertuig ingevolge 'n motorvoertuighandelaarslisensie op 'n openbare pad gebruik mag word verder te reël; die houers van lisensies uitgereik deur die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens te magtig om ook motorvoertuie wat deur die Staat gehuur word te bestuur; die dra van 'n instruktorsertifikaat aan die persoon van 'n instrukteur van leerlingbestuurders verpligtend te maak; die bepalings in artikel 103A met betrekking tot die minimum snelheidsgrens op deurpaaie te herroep; by 'n vervolging weens 'n oortreding van die bepalings van artikel 129A 'n vermoede te skep; die bevoegdhede van polisiebeamptes met betrekking tot die ondersoek van motorvoertuie verder te reël; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Administrateur-generaal dermate sodanige toestemming nodig is vooraf verkry en deur die Voorsitter van die Vergadering aan die Vergadering meegedeel, VERORDEN SOOS VOLG:—

1. Artikel 1 van die Ordonnansie op Padverkeer, 1967 (Ordonnansie 30 van 1967) — hieronder die Hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig deur die woordomsrywing van "eenaar" met die volgende woordomsrywing te vervang:

“'eenaar' met betrekking tot 'n voertuig ook —

- (i) 'n gesamentlike of gedeeltelike eenaar van sodanige voertuig; [en]
- (ii) iemand wat die reg het om sodanige voertuig te gebruik kragtens 'n huurkoop- of opskortingsverkoop-ooreenkoms of kragtens 'n huurooreenkoms wat voorsiening maak vir die huur van sodanige voertuig vir 'n tydperk van minstens twaalf maande, maar omvat nie die verkoper of verhuurder kragtens enige sodanige ooreenkoms nie; en

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 30 van 1967, soos gewysig deur artikel 1 van Ordonnansie 19 van 1968, artikel 2 van Ordonnansie 25 van 1969, artikel 2 van Ordonnansie 18 van 1970, artikel 2 van Ordonnansie 18 van 1971, artikels 2 en 19 van Ordonnansie 16 van 1972, artikel 1 van Ordonnansie 11 van 1974, artikel 1 van Ordonnansie 19 van 1975 en artikel 1 van Ordonnansie 13 van 1976.

## GENERAL EXPLANATORY NOTE:

\_\_\_\_\_ Words that are underlined indicate insertions proposed.

[            ] Words in square brackets indicate proposed deletions.

## DRAFT ORDINANCE

To amend the Road Traffic Ordinance, 1967, so as to amend the definition of "owner"; rearrange the appointment of traffic officers, inspectors of licences, examiners of vehicles and examiners for drivers' licences; make provision for cover under a motor vehicle dealers' licence for motor vehicles which are for the purpose of repair or building bodies onto them in the possession of a motor vehicle dealer; further regulate the circumstances in which a motor vehicle may be used on a public road under a motor vehicle dealer's licence; authorize the holders of licences issued by the South African Railways and Harbours Administration to also drive motor vehicles which are hired by the State; make compulsory the carrying of an instructor's certificate on the person of an instructor of learner drivers; repeal the provisions in section 103A relating to the minimum speed-limit on freeways; create a presumption in a prosecution on account of a contravention of the provisions of section 129A; further regulate the powers of police officers relating to the examination of motor vehicles; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the Administrator-General, in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Assembly by the Chairman of the Assembly, as follows:—

1. Section 1 of the Road Traffic Ordinance, 1967 (Ordinance 30 of 1967) — hereinafter referred to as the principal Ordinance — is hereby amended by the substitution for the definition of "owner" of the following definition:

“owner” in relation to a vehicle includes —

- (i) a joint or part owner of that such vehicle;
- (ii) a person who has the right to use [that] such vehicle by virtue of a hire-purchase or suspensive sale agreement or by virtue of a hire agreement providing for the hire of such vehicle for a period of not less than twelve months, but shall not include the seller or lessor under any such agreement; and

Amendment of section 1 of Ordinance 30 of 1967, as amended by section 1 of Ordinance 19 of 1968, section 2 of Ordinance 25 of 1969, section 2 of Ordinance 18 of 1970, section 2 of Ordinance 18 of 1971, sections 2 and 19 of Ordinance 16 of 1972, section 1 of Ordinance 11 of 1974, section 1 of Ordinance 19 of 1975 and section 1 of Ordinance 13 of 1976.

(iii) 'n motorvoertuighandelaar wat in besit is van 'n gebruikte motorvoertuig vir die doel van verkoop;

en het "eiendom" of 'n soortgelyke woord 'n ooreenstemmende betekenis;"

Wysiging van artikel 3 van Ordonnansie 30 van 1967 soos gewysig deur artikel 3 van Ordonnansie 18 van 1971.

2. (1) Artikel 3 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) kan 'n plaaslike bestuur [behoudens] onderworpe aan die goedkeuring van die [Administrateur] Uitvoerende Komitee en behoudens die bepalings van die Munisipale Ordonnansie, 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963) of die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970), na gelang van die geval, [en behoudens] met inagneming verder van die bepalings van die personeelregulasies van sodanige plaaslike bestuur en ooreenkomstig die bepalings en voorwaardes wat die [Administrateur] Uitvoerende Komitee voorskryf, soveel persone soos [hy] sodanige plaaslike bestuur dienstig ag, aanstel as —

[(i) inspekteurs van lisensies;]

(i) verkeersbeamptes; en

[(ii) ondersoekers van voertuie; en]

(ii) inspekteurs van lisensies;

[(iii) toetsbeamptes vir bestuurderslisensies, en enige sodanige persoon moet sy bevoegdheid en sy pligte onder hierdie Ordonnansie uitoefen en uitvoer binne die regsgebied van sodanige plaaslike bestuur:]

en enige persoon aldus aangestel moet sy bevoegdheid en pligte ingevolge hierdie Ordonnansie uitoefen en uitvoer —

(aa) binne die regsgebied van sodanige plaaslike bestuur; en

(bb) met die voorafverkreë goedkeuring van die Uitvoerende Komitee en onderworpe aan die bepalings en voorwaardes wat die Uitvoerende Komitee voorskryf, buite die regsgebied van sodanige plaaslike bestuur, maar binne die Gebied:

- (iii) a motor vehicle dealer who is in possession of a used motor vehicle for the purpose of sale; and

'own' or any like word has a corresponding meaning;”.

2. (1) Section 3 of the principal Ordinance is hereby amended —

Amendment of section 3 of Ordinance 30 of 1967 as amended by section 3 of Ordinance 18 of 1971.

- (a) by the substitution for paragraph (b) of subsection (1) of the following paragraph:

“(b) any local authority may, subject to the approval of the [Administrator] Executive Committee and subject to the provisions of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963, the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963), or the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970), as the case may be, [and subject] with due regard further to the provisions of the staff regulations of such local authority and [upon] in accordance with such terms and conditions as the [Administrator] Executive Committee may prescribe, appoint as many persons as such local authority deems fit as —

[(i) inspectors of licences;]

(i) traffic officers; and

[(ii) examiners of vehicles;]

(ii) inspectors of licences;

[(iii) examiners for drivers' licences,

as it may deem expedient] and any [such] person thus appointed shall exercise his powers and perform his duties under this Ordinance [within the area of jurisdiction of such local authority] —

(aa) within the area of jurisdiction of such local authority; and

(bb) with the approval of the Executive Committee previously obtained and subject to the terms and conditions prescribed by the Executive Committee, outside the area of jurisdiction of such local authority, but within the Territory:

Met dien verstande dat so [iemand tot twee of meer] 'n persoon in beide sodanige ampte aangestel kan word;"

- (b) deur paragraaf (c) van subartikel (1) te skrap;
- (c) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) [Buiten met die Administrateur se goedkeuring, word niemand aangestel of kan hy aanbly as 'n ondersoeker van voertuie nie —

- (a) as hy óf regstreeks óf onregstreeks geldelike belang het by die vervaardiging, verkoop, herstel of vernuwing van motorvoertuie; of
- (b) tensy hy 'n gekwalifiseerde motorwerktuigkundige is of tensy hy onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie kragtens 'n ordonnansie wat by hierdie Ordonnansie herroep is, hoofsaaklik voertuie ondersoek het: Met dien verstande dat as niemand met die hierbo gespesifiseerde kwalifikasies vir aanstelling beskikbaar is nie, iemand wat so na moontlik voldoen aan die vereistes van hierdie subartikel aangestel kan word: Met dien verstande voorts dat enige daad verrig deur 'n persoon wat strydig met die bepalings van hierdie subartikel aangestel is as 'n ondersoeker van voertuie, nie daardeur ongeldig is nie.]

Uitgesonderd met die voorafverkreë goedkeuring van die Uitvoerende Komitee en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Uitvoerende Komitee neerlê, word niemand ingevolge die bepalings van hierdie artikel aangestel as 'n verkeersbeampte, inspekteur van lisensies, ondersoeker van voertuie of toetsbeampte vir bestuurderslisensies nie tensy sodanige persoon by 'n sentrum wat die Uitvoerende Komitee goedkeur, 'n diploma verwerf het waarin vermeld word dat hy die kursus deurloop en in die eksamen geslaag het wat die Uitvoerende Komitee goedgekeur het vir die opleiding van persone as verkeersbeamptes, inspekteurs van lisensies, ondersoekers van voertuie of toetsbeamptes vir bestuurderslisensies: Met dien verstande dat die voorgaande bepalings van hierdie subartikel nie uitgelê word as sou dit die aanstelling van 'n persoon op proef as 'n verkeersbeampte, inspekteur van lisensies, ondersoeker van voertuie of toetsbeampte vir bestuurderslisensies vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of vir sodanige langer tydperk as wat die Uitvoerende Komitee goedkeur, verbied of verhinder nie indien dit as 'n voorwaarde vir aanstelling gestel word dat sodanige persoon in die loop van sy proef tydperk genoemde diploma moet verwerf.”;

Provided that any such person may be appointed to [two or more of] both such offices;”;

- (b) by the deletion of paragraph (c) of subsection (1);
- (c) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“(2) [except with the approval of the Administrator, no person shall be appointed or continue as an examiner of vehicles —

- (a) if he is either directly or indirectly pecuniarily interested in the manufacture, sale, repair or renovation of motor vehicles; or
- (b) unless he is a qualified motor mechanic or unless he was principally engaged in the examination of vehicles under an ordinance repealed by this Ordinance, immediately prior to the commencement of this Ordinance: Provided that if no person possessing the qualifications specified above is available for appointment any person complying as nearly as possible with the requirements of this subsection may be so appointed: Provided further that any act performed by a person appointed as an examiner of vehicles contrary to the provisions of this subsection shall not thereby be rendered invalid.]

Except with the approval of the Executive Committee previously obtained and in accordance with such conditions as the Executive Committee imposes, no person shall be appointed as a traffic officer, inspector of licences, examiner of vehicles or examiner of driver's licence in terms of the provisions of this section, unless such person has obtained at a centre approved by the Executive Committee a diploma in which it is stated that he has completed the course and passed the examination which the Executive Committee approved for the training of persons as traffic officers, inspectors of licences, examiners of vehicles or examiners of drivers' licences: Provided that the preceding provisions of this subsection shall not be construed so as to prohibit or prevent the appointment of a person on probation as a traffic officer, inspector of licences, examiner of vehicles or examiner of drivers' licences, for a period not exceeding twelve months or for such longer period as the Executive Committee may approve of, if it is stated as a condition of appointment that such person should obtain the said diploma during the course of his probationary period.”;

- (d) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

“(4) Geen bepaling in subartikel (1)(b) [of (c)] word geag ’n beampte aangestel deur die [die Administrateur] Uitvoerende Komitee ingevolge subartikel (1)(a) te belet om enige bevoegdheid of plig wat hy kragtens hierdie Ordonnansie of ingevolge enige opdrag aan hom gegee deur die [Administrateur] Uitvoerende Komitee kan of moet uitoefen of uitvoer, binne die regsgebied van ’n plaaslike bestuur uit te oefen of uit te voer nie.”; en

- (e) deur subartikel (5) te skrap.

(2) Die bepalings van subartikel (1)(c) van hierdie artikel word geag op die 1ste dag van Augustus 1977 in werking te getree het.

Wysiging van artikel 41 van Ordonnansie 30 van 1967.

3. Artikel 41 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

- (a) deur die woorde van subartikel (1) wat paragraaf (a) onmiddellik voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

“(1) ’n Motorvoertuighandelaar kan, in plaas daarvan om [enige] elkeen van die motorvoertuie wat hy in die gang van sy sake vir die doel van verkoop, [of] verruil, herstel of om ’n bak daarop te bou, besit, afsonderlik te registreer en te lisensieer, ten opsigte van elk so ’n saak waar enige sodanige voertuig is of aangehou gaan word by die registrasieowerheid in wie se gebied sy sakeperseel geleë is, in die voorgeskrewe vorm aansoek doen om ’n lisensie wat ’n motorvoertuighandelaarslisensie heet —”; en

- (b) deur die volgende subartikel onmiddellik na subartikel (4) in te voeg:

“(5) Wanneer ’n motorvoertuighandelaar in die loop van sy besigheid —

- (a) ’n nuwe motorvoertuig in sy besit het vir die doel van verkoop of verruil; of

- (b) ’n motorvoertuig in sy besit het vir die doel van herstel of die bou van ’n bak daarop;

word hy, by die toepassing van hierdie artikel en artikels 43 en 54, geag die eenaar van so ’n voertuig te wees.”.

Wysiging van artikel 54 van Ordonnansie 30 van 1967 soos gewysig deur artikel 4 van Ordonnansie 19 van 1968.

4. Artikel 54 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Omstandighede [waarin] waar- onder motorvoer-

54. (1) Geen motorvoertuighandelaar wat die houer van ’n motorvoertuighandelaarslisensie



- (d) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

“(4) Nothing contained in subsection (1)(b) [or (c)] shall be deemed to prevent [the exercise or performance in the area of jurisdiction of any local authority by] any officer appointed by the [Administrator] Executive Committee in terms of subsection (1)(a) to exercise or perform, within the area of jurisdiction of any local authority, [of] any power or duty which he is authorized or required to exercise or perform in terms of this Ordinance or in terms of any instruction issued to him by the [Administrator] Executive Committee.”; and

- (e) by the deletion of subsection (5).

(2) The provisions of subsection (1)(c) shall be deemed to have come into operation on the 1st day of August 1977.

3. Section 41 of the principal Ordinance is hereby amended —

Amendment of section 41 of Ordinance 30 of 1967.

- (a) by the substitution for the words in subsection (1) immediately preceding paragraph (a), of the following words:

“(1) a motor vehicle dealer in lieu of registering and licensing separately each motor vehicle [owned by him] in his possession in the course of his business for the purpose of sale, [or] exchange, repair or to build a body onto it, may, in respect of each such business where any such vehicle is or will be kept, apply in the prescribed form to the registering authority in whose area such business is situated for a licence [to be] known as a motor vehicle dealers’ licence —”; and

- (b) by the insertion of the following subsection immediately after subsection (4):

“(5) When a motor vehicle dealer in the course of his business —

- (a) has in his possession a new motor vehicle for the purpose of sale or exchange; or
- (b) has in his possession a motor vehicle for the purpose of repairing it or building a body onto it;

he shall, in applying this section and sections 43 and 54, be deemed to be the owner of such a vehicle.

4. The following section is hereby substituted for section 54 of the principal Ordinance:

Amendment of section 54 of Ordinance 30 of 1967 as amended by section 4 of Ordinance 19 of 1968.

“Circumstances under which motor vehicle

54. (1) No motor vehicle dealer, who is the holder of a motor vehicle dealer’s licence, shall

tuig ingevolge motorvoertuig-handelaarslisensie op openbare pad gebruik kan word.

is, mag 'n motorvoertuig ingevolge sodanige lisensie op 'n openbare pad gebruik nie tensy sodanige voertuig 'n voertuig is wat sy eien-  
dom is vir die doel om dit in die loop van sy besigheid te verkoop [of], te verruil, te herstel of om 'n bak daarop te bou.

(2) Iedereen wat [versuim om aan] die bepalings van [hierdie artikel] subartikel (1) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf."

Wysiging van artikel 69 van Ordonnansie 30 van 1967.

5. Artikel 69 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) 'n Lisensie ingevolge subartikel (1) uitgereik gee aan die houer daarvan net die reg om 'n motorvoertuig te bestuur wat aan die Staat behoort [,] of deur die Staat gehuur word, [en] terwyl hy in die uitvoering van sy pligte ten behoeve van die Staat besig is."

Wysiging van artikel 73 van Ordonnansie 30 van 1967 soos gewysig deur artikel 3 van Ordonnansie 25 van 1969.

6. Artikel 73 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur die volgende subartikel onmiddellik na subartikel (9) in te voeg:

"(10) 'n Instruktorsertifikaat uitgereik ingevolge die bepalings van hierdie artikel word ten alle tye deur die instrukteur aan wie dit uitgereik is op sy persoon gedra terwyl hy iemand anders onderrig leer of toesig oor hom hou soos in subartikel (1) beoog."; en

(b) deur subartikel (10) soos dit onmiddellik voor die inwerkingtrede van hierdie Ordonnansie bestaan het, te hernoem na subartikel (11)

Herroeping van artikel 103A van Ordonnansie 30 van 1967.

7. Artikel 103 A van die Hoofordonnansie word hierby herroep.

Wysiging van artikel 129A van Ordonnansie 30 van 1967.

8. Artikel 129A van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die volgende subartikel onmiddellik na subartikel (1)(b) in te voeg:

"(2) By 'n vervolging weens 'n oortrede van subartikel (1), word daar vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat die betrokke motorvoertuig in die proses was om aan 'n motorvoertuighandelaar of ander persoon afgelewer te word."

may be used on public road under motor vehicle dealers' licence.

[operate] use a motor vehicle on a public road under such licence unless such vehicle is a vehicle owned by him in the course of his business for the purpose of sale [or], exchange, repair or to build a body onto it.

(2) Any person who contravenes or fails to comply with the provisions of [this section] subsection (1) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months, or to both such fine and such imprisonment."

5. Section 69 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

Amendment of section 69 of Ordinance 30 of 1967.

"(2) Any licence issued in terms of subsection (1) shall only entitle the holder thereof to drive a motor vehicle owned [by the State] or hired by the State [and] whilst he is engaged in the execution of his duties on behalf of the State."

6. Section 73 of the principal Ordinance is hereby amended —

Amendment of section 73 of Ordinance 30 of 1967 as amended by section 3 of Ordinance 25 of 1969.

(a) by the insertion of the following subsection immediately after subsection (9):

"(10) An instructor's certificate issued in terms of the provisions of this section shall at all times be carried on the person of the instructor to whom it was issued while he is instructing, teaching or supervising some other person as contemplated in subsection (1)."; and

(b) by renumbering subsection (10) as it existed immediately prior to the coming into operation of this Ordinance, to subsection (11).

7. Section 103A of the principal Ordinance is hereby repealed.

Repeal of section 103A of Ordinance 30 of 1967.

8. Section 129A of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion of the following subsection immediately after subsection 1(b):

Amendment of section 129A of Ordinance 30 of 1967.

"(2) In a prosecution on account of a contravention of subsection (1), it shall be presumed, until the contrary is proved, that the motor vehicle in question was in the course of being delivered to a motor vehicle dealer or other person."

Wysiging van artikel 159 van Ordonnansie 30 van 1967 soos gewysig deur artikel 32 van Ordonnansie 18 van 1971.

### 9. Artikel 159 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

- (a) deur die voorbehoudsbepaling in paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

“Met dien verstande dat geen sodanige beampte by die uitoefening van die bevoegdheede wat hierby aan hom verleen word, enige van die meganisme of werkende dele van ’n motorvoertuig mag uitmekaar haal tensy hy ook ’n gekwalifiseerde motorwerktuigkundige is of in ’n eksamen vir ondersoekers van motorvoertuie soos in artikel 3(2) [omskryf, by die uitoefening van die bevoegdheid wat hierby aan hom verleen word enige van die meganisme of werkende dele van enige motorvoertuig mag uitmekaarhaal nie] beoog, geslaag het en, indien hy sodanige voertuig aldus [uitmekaarhaal] uitmekaar gehaal het, moet hy die uitmekaar gehaalde meganisme of dele weer monteer, tensy hy deur die persoon in beheer van die voertuig versoek word om dit nie te doen nie;”; en

- (b) deur paragraaf (e) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(e) verkeer op enige openbare pad reël en beheer en enige opdragte gee wat, na sy mening, nodig is vir die veilige en doeltreffende reëling van sodanige verkeer[;] en, waar hy op redelike gronde van mening is dat die bestuurder van ’n motorvoertuig die normale vloei van verkeer op ’n deurpad belemmer of hinder, opdrag gee dat die bestuurder van die betrokke voertuig sodanige voertuig van die deurpad verwyder en ’n ander roete met sodanige voertuig volg;”.

Kort titel.

### 10. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Padverkeer, 1978.

9. Section 159 of the principal Ordinance is hereby amended —

Amendment of section 159 of Ordinance 30 of 1967 as amended by section 32 of Ordinance 18 of 1971.

- (a) by the substitution for the proviso in paragraph (a) of subsection (1) of the following proviso:

“Provided that no such officer in exercising the powers hereby conferred upon him, shall dismantle any of the mechanism or working parts of any motor vehicle unless he is also a qualified motor mechanic or has passed an examination for examiners of motor vehicles as [defined] contemplated in section 3(2), [shall, in the exercise of the powers hereby conferred upon him, dismantle any of the mechanism or working parts of any motor vehicle] and if he has [does] so [dismantle] dismantled such vehicle, he shall reassemble the dismantled mechanism or parts, unless he is requested by the person in charge of the vehicle not to do so;”; and

- (b) by the substitution for paragraph (e) of subsection (1) of the following paragraph:

“(e) regulate and control traffic upon any public road and give such directions as may in his opinion be necessary for the safe and efficient regulation of such traffic and where, on reasonable grounds, he is of opinion that the driver of a motor vehicle obstructs or hinders the normal flow of traffic on a freeway, order that the driver of the vehicle in question shall remove such vehicle from the freeway and follow another route with such vehicle;”.

10. This Ordinance shall be called the Road Traffic Amendment Ordinance, 1978.

Short title.